siatief om die verlede op hierdie wyse te laat herleef.

M.H. Trümpelmann

BRITS, JP 1987: *Tielman Roos. Pretoria:* Unisa, pp. 280. R35,00.

Die verhaal van Tielman Roos, soos Japie Brits gestalte daaraan gegee het, is 'n baie nuttige byvoeging tot die Suid-Afrikaanse historiografie oor politieke leiers. Die publikasie van die lewensverhaal van die eerste "Leeu van die Noorde" en vlagdraer van die Nasionale Party van Transvaal in die jare na Uniewording tot die vroeë dertigerjare vul 'n lankgevoelde leemte. Daar het al oor die jare talle biografieë oor ons eerste ministers die lig gesien, maar ander politici het tot 'n mindere mate die kalklik gesteel. Hierdie publikasie is uiters welkom. Roos, wat aanvanklik reusewerk vir die Nasionale Party in Transvaal verrig het, het uiteindelik as verstoteling onder meeste van sy eertydse aanhangers gesterf. Brits skets die lewensverhaal van hierdie omstrede individualis-politikus van die twintigste eeu krities, dog met empatie en meegevoel.

Roos het as gebore Kapenaar in die vroeë twintigste eeu wortels in die noorde geskiet. Hy was 'n sterk agitator vir 'n republiek aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog. Daarby het hy tydens die 1922-staking die regering sterk gekritiseer en gehelp om die Arbeiders tot die Pakt met die Nasionale Party oor te haal—wat lei tot die val van die Smuts-regering in 1924. Hierna is Roos lid van die kabinet en Hertzog se regterhand. Hy toon egter 'n besondere onvermoë om met kollegas oor die weg te kom en algaande word hy 'n alleenloper in die kabinet—al was hy steeds uiters gewild onder Transvaalse Nasionaliste. Sy gesondheid gaan agteruit en hy moes uit die kabinet as gevolg hiervan bedank. Hierna volg 'n tussenspel as regter en 'n poging om terug te keer tot die aktiewe politiek as die sentrale figuur op die politieke verhoog. Die geleentheid hiervoor het hy gevind in die ekonomiese krisis van die vroeë dertigerjare. Hy slaag daarin om Hertzog en Smuts as't ware te versoen, maar beland in dié proses self in die politieke woestyn as leier van 'n niksseggende partytjie. Die skrif was aan die muur en kort hierop het Roos, na etlike hartaanvalle, gesterf.

Brits slaag daarin om die omstredenheid om Roos verantwoordelik te hanteer. Roos word uitgebeeld as 'n politieke strateeg, 'n groot orator, maar ook 'n onbelangstellende parlementariër en minder lojale lid van die kabinet van Hertzog. Uiteindelik is dit ook duidelik dat Roos se laaste jare al hoe meer in die skadu van sy eie ambisie en inkonsekwente optredes gestaan het. Roos is 'n charismatiese karakter wat (op sy soms opportunistiese wyse) die saak van die Afrikaner probeer dien het. Brits se betoog lyk redelik objektief, maar hier en daar word daar dalk te veel gewig aan Roos se invloed toegedig—veral ten opsigte van sy vermoë om mense te beheer. Kategoriese stellings in hierdie verband kom soms voor (vergelyk p. 48, 106, 203). Die feit dat Stassen se dood tydens die staking van 1922 ook voor die deur van Smuts gelê is, kan myns insiens darem ook nie gelyk gestel word met 'n tweede Jopie Fourie-martelaarsfiguur nie (p. 91).

Die biografie word interessant aangebied deurdat die persoonlike lewenslot van Roos tussen die politieke drama deurgevleg word. Etlike foto's uit Roos se veelbewoë lewe verhoog die waarde van die publikasie verder. Of die parallel tussen die krisisjare van 1930 en vandag, soos in die stofomslag gesuggereer word, werklik steek hou, is twyfelagtig. Wat egter wel duidelik is, is dat geen politieke profeet sonder volgelinge die mas kan opkom nie.

Hierdie boeiende biografie behoort elke historikus en veral ook baie Afrikaners wat belangstel in die lotgevalle van die Afrikaner te interesseer.

M.H. Trümpelmann